# Boekresensie/Book Review

## Prof. J.J. (Das) Steÿn: *Hervorming vir normatiewe beplanning:* Opstelle oor ŉ Christelike benadering tot beplanning

## *Reforming normative planning:* Essays on a Christian approach to planning

**Prisca Uitgewers (priscauitgewers@yahoo.com), Orania, Suid-Afrika, 2015, ISBN978-0-86886-827-1, 284 bl.**

*Pieter J. Potgieter*
*Afgetrede Senior Lektor*
*Departement Stads- en Streekbeplanning*
*Universiteit van die Vrystaat*
*Bloemfontein*

*This book is recommended reading for people in physical development (especially town and regional planners) and is bilingual, everything in both English and Afrikaans.*

Das Steÿn is ŉ argitek, stads- en streekbeplanner en stadsontwerper. Tydens navorsing onder professore Henk Goudappel en Egbert Schuurman in Nederland het hy besef dat beplanning vanuit ŉ Christelike hoek benader kan word. In 1980 word hy dosent in Stads- en Streekbeplanning aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, waar hy later professor en tans ŉ navorsingsgenoot is.

ŉ Opvallende eienskap van hierdie werk is dat dit gelyktydig in beide Afrikaanse en Engelse tekste uitgegee word, waardeur onder meer bevestig word dat Afrikaans ŉ volwaardige akademiese taal is. Dit geld ook wat die vakgebied Stadsbeplanning (hierna net "beplanning") betref. Sodoende word die gebruikswaarde uitermate verhoog, deurdat dit vir ŉ veel groter segment van beide die leserspubliek, asook die akademiese omgewing in

besonder, toeganklik gemaak word. In die post-modernistiese milieu waarin die wetenskaplike wêreld en meer spesifiek vakkundige beplanning tans verkeer, is 'n werk soos hierdie van onskatbare betekenis.

Die outeur laat reg geskied aan die multidissiplinêre aard van die beplanningsprofessie, deurdat hy op verskillende fasette daarvan ingaan. Hy behandel breedvoerig in samehang daarmee sommige van die veelheid prominente filosofieë, grondslae en teorieë van wetenskaplike beplanning, ten einde die uitwerking daarvan te illustreer. Die outeur stuur doelbewus weg van hedendaagse populêre benaderings tot beplanning, ter wille daarvan om die perspektief van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, soos vanuit die Hervorming oorgelewer, weer te gee.

Die boek is uit 7 hoofstukke saamgestel. Hoofstukke 2, 3 en 4 daarvan handel onderskeidelik oor ideologie in beplanning, riglyne vir 'n Christelike beplanning en die kwessies in verband met die idee van volhoubaarheid. Hoofstuk 2 toon aan die hand van Goudappel se Urbanisstiekkonsep aan dat tussen praktyk, teorie en die beplanningsidee self onderskei moet word. Prof. Steÿn meld in hoofstuk 3 dat die filosofiese denke van H Dooyeweerd en DHTh Vollenhoven koers en rigting aan sy eie wetenskaplike denke gegee het. Die Wysbegeerte van die Wetsidee is 'n kragtige normgewende filosofiese beskouing om vanuit Christelik-wetenskaplike oogpunt die werklikheid te analiseer of na te vors. Dit geld ook ten opsigte van beplanning as 'n ruimtelik-inhoudelike vakgebied, en die implikasies wat dit vir die praktyk inhou.

Prof. Steÿn toon aan dat enige wyse van benadering tot beplanning anders as vanuit die Christelik-reformatoriese tot onvermydelike vooroordele lei. Hedendaagse beplanning word veelal beoefen met die een of ander sekulêre beskouing ten grondslag, al sou dit baiekeer ontken word. Prof Steÿn kom egter tot die gevolgtrekking dat “beplanning vir die mens en samelewing die voorwaardes skep om

- tot groter verantwoordelikheid geroepe te voel en gelei te word;
- tot groter vryheid te kom om na eie aard te ontwikkel en moontlikhede te ondersoek en
- 'n klimaat te laat ontstaan waarin die mens deur kreatiwiteit 'n ryke verskeidenheid van ruimtelike gebruike wat in harmonie verkeer, kan ontwikkel” (p.123).

Deurdat vanuit die reformatoriese benadering gewerk word, bied prof Steÿn se werk normatiewe antwoorde op beplanning. Skriftuurlike waarhede word as uitgangspunt geneem, van waaruit 'n reformatories-filosofiese raamwerk

en teorie van beplanning uitgewerk word. Dit lei tot sinsamehang ten opsigte van die plek wat die uitvoering van beplanning in die werklikheid inneem. Teengesteld: wanneer die een of ander aspek (sosiaal, ekonomies …) van die werklikheid nagestreef of verabsoliteer of ten grondslag daarvan gebring word, ontstaan ŉ warboel uitgangspunte en riglyne. Interessante voorbeelde van dergelike toepassings ten aansien van stedelik-ruimtelike ontwikkeling en die gevolge daarvan, word aangetoon. (p. 253 e.v.)

In die Suid-Afrika van vandag word nie noodwendig meer met die Christelik-reformatoriese perspektief (denke) rekening gehou nie, weens verskillende redes. In ag genome die heersende verskynsel dat ruimtes geskep word waarbinne die ekonomiese of sosiale, of watter ander oorweging ookal primêr van toepassing gemaak word, illustreer dit die veelheid uitgangspunte wat die verwarring wat daar tans heers tot gevolg het.

Onderliggend aan vakkundige denke, word lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings gevind. Dit is dus geen maklike saak om denke wat deur die Christelike geloof beheers word binne die beplanningsomgewing aanvaar te kry nie. Sekulêre denke word as losstaande van enige religieuse beskouing gesien en mag, volgens moderne maghebbers, nie met sogenaamde godsdiens in verband gebring word nie.

Dit is daarom nie vreemd nie dat die gedagte van ‘volhoubaarheid’ deesdae soveel voorrang in beplanning geniet. In hfst. 4 word in besonderhede hierop ingegaan, waarin aangetoon word dat die begrip ‘volhoubaarheid’ ongelukkig as ŉ tipe geloof na vore kom. Maar, terwyl die vraag oor die aanwending van volhoubaarheid met reg gevra kan word, sal dit vanuit sekulêre oorwegings nie bevredigend beantwoord kan word nie. Die Christelike benadering, daarteenoor, is nie op die bevordering van óf kapitalisme óf sosialisme nie, maar op rentmeesterskap gerig.

Hoofstuk 5 handel oor publieke deelname. Daaruit blyk dit duidelik dat dit deur verskillende ideologiese verwagtings van beplanning bepaal word. Vir die revolusionêr is dit volle burgerlike mag, waarin die burgery die volle seggenskap het. Vir die Christlike beskouing is mag beperk en is daar vlakke van verdeling. Die besef en erkenning van die mens se onvermoë om alle probleme in hierdie wêreld op te los, is deel van beplanning. Slegs die beste moontlik kan in ŉ sondige wêreld gedoen word; nie die volmaakte nie.

In hoofstuk 6 word gehandel met die nalewing van kolonialisme in Afrika en die invloed wat dit oor dekades heen op akademiese en beplanningsdenke gelaat het. Dit word illustratief aan die hand van prof. Steÿn se eie familiegeskiedenis gedoen. Die kolonialisme het die persepsie by sommige

gelaat dat witmense koloniste is en daarom verantwoordelik vir die koloniale staatsopset wat op ongelykhede en uitbuiting geskoei is. Die prominente rol wat Groot Brittanje hierin gespeel het, word behandel.

Hierdie werk dien ten slotte as 'n kragtige getuienis waardeur die betekenis en waarde van die Christelike benadering tot beplanning onder aandag gebring word. Dit sal die moeite loon om deeglike kennis van die inhoud te neem. Die boek is so geskryf dat dit ook vir die gewone leserspubliek toeganklik gemaak word. Boeiende vertelllings verleen daaraan 'n persoonlike aanslag en maak die boek besonder pakkend en interessant.